Acid Buf

Beskrywing

Acid Buf is ‘n buffer afkomstig van gekalsifiseerde see-alge, wat oortollige suur neutraliseer en so lei tot ‘n meer stabiele, produktiewe spysverterings omgewing.

Kenmerke

- Acid Buf help met die stabiliseering van die rumen pH tussen 5.5 en 6.2 (Optimale rumen pH vlakke). So verlaag dit die risiko van asidose met verbeterde rumen metabolisme en produksie prestasie .
- Acid Buf het ‘n hoë absorberingsvermoë by pH 5.5 - 7 en absorbeer meer as twee maal soveel suur in vergelyking met koeksoda, en buffer die rumen vir tot 4 keer langer as koeksoda.
- Bevat kalsium (30%), magnesium (5.5%) en ander minerale.
- Registrasie in ooreenstemming met Wet 36 van 1947:
  - ⇒ **Acid Buf – V 16463**

Suiwel

- Verbeter rumen omgewing, wat mag lei tot beter vertering van voer.
- Tree op as buffer, en verminder so die risiko vir rumen asidose (suurpens).
- Verbeter melkproduksie en melk vastestowwe.
- Effektief in beide TGR en weidinggebaseerde voersisteme.
- Aanbevole insluitingsvlakke: 50 – 80 g/k/d.

Voerkrale

- Tree op as buffer en verminder so die risiko vir rumen asidose.
- Verminder skade aan die rumenwand.
- Verbeter rumen omgewing, wat mag lei tot beter vertering van voer.
- Kan ‘n natuurlike alternatief vir monensin in beesvoerkrale wees.
- Hoogs effektief in skaap- en beesrantsoene.
- Aanbevole insluitingsvlakke: Beeste: 50 – 60 g/k/d, Skape: 7 – 10 g/k/d.

Skape op oesreste

- Tree op as langtermyn rumenbuffer om skape teen rumen asidose te beskerm.
- Dit is veral belangrik wanneer skape op oesreste nie gereeld ‘n bufferbevattende lek inneem nie.
- Kan ook gebruik word in die behandeling van skape met rumen asidose.
- Aanbevole insluitingsvlakke: 5 - 10 g/k/d.

Varke

- Verminder die risiko van maagsere.
- Maak dit moontlik om gepilde of meelgebaseerde rantsoene te voer.
- Verbeter voeromsetverhouding wanneer meelgebaseerde rantsoen verander word na gepilde rantsoen saam met die insluiting van Acid Buf.
- Verminder aggressiewe gedrag, byvoorbeeld byt van sterte, in varke.
- Aanbevole insluitingsvlakke: 4 – 6 kg Acid Buf / ton voer.

Verpakking

- 25 kg sakke
- Fyn, liggrys poeier

Tel: +27 (0) 12 667 4213 • **Fax:** +27 (0) 12 667 4210 • **Email:** technical@alliednutrition.com
Physical address: 89 Jean Avenue, Doringkloof, 0157, RSA • **Postal address:** Postnet Suite 21, Private Bag X1028, Lyttelton, 0140, RSA